



AN die volgende liedjies bestaan daar ook 'n aantal wisselvorme, ons gee egter net een::

OOM JANNIE TROU JOU LEWE NIE

Oom Jannie trou jou lewe nie, lewe nie, lewe nie,
Oom Jannie trou jou lewe nie,
Dan spaar jy jou verdriet.
Trou jy met 'n vette,
Dan slaap jy alte benoud,
Trou jy met 'n maere,
Dan slaap jy alte koud.

Oom Jannie trou jou lewe nie (ens.)

RUGPYN, SENUWEEAGTIGE SLEGTE-SPYSVERTERING EN SLAAPLOOSHEID



- ① HOOFPYN
- ② VREESAGTIGHEID
- ③ AANGEPAKTE TONG
- ④ ROMMELENDI WINDE
- ⑤ GEBEEF
- ⑥ RUGPYN

Al hierdie aandoeninge word veroorsaak deur swak, oorspanne en ontstelde Senuwees. Die geloof dat alle Rugpyn aan die Niere te wyte is, is onsin. Nierkwaal is 'n ernstige saak—Rugpyn is gewoonlik die gevolg van verswakte Rugspynsenuwees en kan heel gou genees word deur die Dr. Heinz Senuwee Versterker.

Ook word die Spysvertering maklik in die war gestuur deur ontstelde Senuwees met die gevolglike kentekens soos hierbo genoem. In hierdie gevalle is daar verbetering vanaf die eerste dosis van die Dr. Heinz Senuwee Versterker.

Slaaploosheid moenie behandel word met gifbevattende pille nie, dog die lyster sal lekker slaap as hy die Dr. Heinz Senuwee Versterker gebruik—behalwe natuurlik waar ernstige pyn die oorsaak is. Hierdie middel is nie 'n pynverdoewingsmiddel nie maar wel 'n verfrissende tonika vir vergiftigde en oorspanne Senuwees.

Moenie tevrede wees met medisynes wat beweerd word „net so goed“ te wees nie. **DR. HEINZ SENUWEE VERSTERKER** kos 5/6 per bottel—tablette ook verkrygbaar—of 6 bottels vir 30/- by alle aptekers.

Dan spaar dit jou verdriet.
Trou jy met 'n mooie
Dan wil almal met haar praat,
Trou jy met 'n lelike
Dan skaam jy jou op straat

Oom Jannie trou jou lewe nie (ens.)
Dan spaar jy jou verdriet.
Trou jy met 'n manke
Dan gaan sy op een been,
Trou jy met 'n skele
Dan sien sy twee vir een.

Oom Jannie trou jou lewe nie (ens.)
Dan spaar jy jou verdriet.
Trou jy met 'n jonge
Dan sit sy op jou skoot.
Trou jy met 'n oue
Dan treur jy jou half dood.

Oom Jannie trou jou lewe nie (ens.),
Dan spaar jy jou verdriet.
Trou jy met 'n arme
Dan sal jy gou vergaan;
Trou jy met 'n ryke
Dan moet jy onder haar staan.

En so is daar nog talle versies. In dr. S. J. du Toit se Volksliedjies kan 'n hele paar wisselvorme van „Mooie Meisies, Fraaie Bloeme,” gevind word. Hier volg een wat ek in die suidelike Vrystaat gehoor het:

Mooie meisies, fraaie bloeme
Al die mooi meisies moet ek roeme,
Sien die nonnies op 'n ry,
Soos 'n skone skildery.

Kon ek al die nonnies krye,
Ek sou hul in snoertjies rye . . .
Snoertjies rye paar aan paar;
Pêrels vir die Nuwejaar.

Mooie meisies, fraaie bloeme,
Al die meisies wil ek soene.
Sit die nonnas op 'n ry,
Kyk hoe mooi is hul vir my.

As die roos begin te bloeie
Moet haar nie terstond afsnoei,
Eer die bloeisels ope gaan
Wat daar in die water staan.

Kyk die fraaie bloemekranse
In die kamer waar ons danse;
Hoor nou die viol se snaar,
Laat ons danse, paar aan paar.

Speel nou, goeie musikante!
Laat ons nou maar fluks-op danse;
Want ons is vergader hier
Vir die nonnies se plesier.

Een van die liedere deur dr. Du Toit genoem, begin as volg:

Mooi, mooi meisies, mooi, mooi
haartjies,
Die haartjies, ware hare, maar die
lokke, ware myne!
Sy lokke by elkander, die een vir die
ander;
Al die mooi meisies lok vir my.

Van die volgende bestaan daar ook 'n groot aantal variante. Die meeste het in „Ons Klyntjie” verskyn onder die titels: „Kittie lief my, teer Beminde”; „Die Treurende Minnaar” en „Vaarwel”. Hier kan ons alleen een gee.

KLAAGLIED VAN 'N MINNAAR

Ag my skoonste, my beminde,
Alte dierbaar was jy mees.
Sal ek jou ooit weer vinde
As dit die beste wil mag wees.

By my broers en my vrinde,
Soek ek tevergeefs na troos;
Troos kan ek vir my nie vinde
Nie uit noord, suid, wes of oos.

Jy wou my jou hart verpande,
Waarom het jy my verlaat,
En vergeet die liefdebande?
Wat sal droefheid my nou baat?

deur N. H. Theunissen

O! my smart is onafmeetlik,
Daarom treur ek soldnk ek leef;
Want jy bly my onvergeetlik,
Daar my hart aan joune kleef.

Sy ontrou, het my verlate;
Daarom wou ek haar vergeet,
'k Wou probeer om haar te hate
Tot versagting van my leed.

Maar as ek dink aan haar, beminde,
Weg is al my haat dan weer!
Mag ek haar eens weder vinde
'k Kniel in ootmoed voor haar neer.

Sal dit nimmermeer gebeur,
Dat ek haar ooit weer ontmoet?
Sal ek tot my dood toe treure?
Waardeloos is haaf en goed.

Dis my lot, dit moet so wese,
Dis my lot, dit moet so syn!
Mog my smart dan nooit genese;
'k Soek vertroosting in my pyn.

Vaar dan wel, my teerbeminde,
Vaar dan wel, my aardse skat!
Vaar dan wel, my siels-vriendinne!
Vaar dan wel, al wat ek had.

Die woorde van die volgende lied is goedgunstiglik aan my verskaf deur mnr. Isak F. Redelinghuys.

SWART JASPER

Swart Jasper die ry oor die wye
Karroo
Te perd en sy ryperd, dit kan jy my
glo,
Daar was in die omtrek nie, sover
soos ek weet,
'n Ryperd soos syne so vurig en heet.

Sy saal was so flussies weer nuut
oorgetrek
En heeltemal skoon en net sonder 'n
vlek.
Sy kleedjie was geel met groen
„breiding” gebind
Met vier grote klosse vervaardig uit
lint.

Swart Jasper was ook nog pas
neëntien jaar oud,
En darem natuurlik nog steeds
ongetroud.
Maar nou dat die winter aankom,
dag hy:
„Dit word vir my tyd om 'n vrou tjie
te kry.”

Hy sal vir ou Dapper laat opsaal en
ry
Na oom Stoffel se Jaaltjie 'n bietjie te
vry:
„Want ek het koeie en varke na my
sin,
Baie skape en perde om mee te begin.

„Loop, David, so gou as jy kan en
loop haal
My perd uit die veld en sit op sy sael.
Maar vat eers die borsel en vee hom
goed af
En gee hom sy voertjies van hawer
en kaf.”

Sy nuwe vaal hoed en sy nuwe blou
das,
Sy hare gekam en sy gesig skoon
gewas.
En sonder 'n verdere woord te praat,
Vat Dapper die pad wat na oom
Stoffel toe gaat.

En kyk toe Swart Jasper die werf
daaruit kom
Toe staan al die klonkies in klimmits
verstom.
So deftig lyk hy in sy lakense pak
En die sy-sakdoek wat daar hang uit
sy sak.

Net 'n bietjie duskant, oom Stoffel
se plaas,
Laat hy vir ou Dapper so effentjies
blaus,
En toe met sy dubbelgevegte kar-
wats,
Klop hy vir ou Dapper so vurig en
rats.

(Vervolg op bladsy 30)

VOLKSLIEDJIES

(Vervolg van bladsy 16)

Maar kyk toe Swart Jasper op die
werf arriveer,
Toe trippel ou Dapper so lig soos 'n
veer,
En dit was tog net of dit so moes
gebeur,
Want Jaantjie staan gelukkig net
vlak voor die deur.

So om agtuur dié aand raak Oom
Stoffel aan gaap,
En hy sê: „Nou wil ek tog maar gaan
slaap,
En terwyl ek jul dan so saggies hoor
praat,
Sal ek op die tafel 'n kersie maar
laat.”

In dr. Lydia van Niekerk se *Eerste
Taalbeweging* kom daar 'n fragment
van „Swart Jasper” voor waarvan die
woorde van bostaande verskil. Ten
slotte wil ek net die woorde van
„Sannie Beyers” gee, die musiek is
dié van „Maid of Athens”.

SANNIE BEYERS

Ag die lokkies ongebind,
Wat heen en weer waai in die wind,

Ag die wange rond en mooi,
Nes 'n perske sag en rooi,
Ag die ogies, hemelblou,
Hartjie ek het lief vir jou!

Maar o! die lippies! Al my vee,
Sal ek vir een soentjie gee,
My hart wil sommer overstort,
En woorde kom my nou te kort,
Altyd bly ek aan jou trou,
Hartjie ek het lief vir jou!

DIE MENSDOM

(Vervolg van bladsy 39)

ryk sê Ryn-grens erken. Daardie
verdrag is in Parys deur Joachim
von Ribbentrop, Duitsland se Minis-
ter van Buitelandse Sake, namens
Hitler onderteken. Dit is vir Wes-
Europa so belangrik soos die verdrag
van 1839 tussen Engeland en Frank-
ryk.

Al die volke van Wes-Europa het
derhalwe nou alle planne laat vaar
om die baas daar te wees. Ná eeue
van oorloë, spanning en stryd is hulle
net waar hulle was — behalwe dat
hulle deur sure ondervinding geleer
het hoe doelloos oorlog en twis is.
Die bloed-deurdrenkte velde van Wes-
Europa kan nou vrede en voorspoed
tegenmoet sien.

BAARD EN HARE

(Vervolg van bladsy 31)

die orige liggaamshare. Die baard
word eerste grys, die wenkbroue
laaste, eers enkele, meestal die dikste
en langste hare hier en daar, dan
meer en meer, totdat die waardige
spierwit toestand bereik word. (Diere
word ook grys. By die hond, perd,
gorilla, is dit waargeneem.)

Te vroeg grysword is te wyte aan
verstorings van die senuwee-uiteindes
van die vel, en is in die meeste gevalle
'n erflike aanleg.

Tog bestaan daar voldoende bewys
dat heftige gemoedsaandoening, soos
groot verdriet of groot vrees (doods-
vrees sonder hoop) die hare kan laat
grys word. Die ongelukkige Marie
Antoinette het binne weinige ure,
nadat haar lot aan haar meegedeel
is, grys geword. So het die Engelse
kanselier, Thomas Morus, skielik grys
geword nadat sy doodvonnis aan hom
meegedeel was. En so kan ons nog
baie ander gevalle noem uit die
antropologiese literatuur. Maar
genoeg. Ons het 'n bietjie nader
kennis gemaak met iets waarin ons
mans in hierdie dae meer belang stel
as voorheen: ons Voortrekkerbaard!

DIE VOORTREK

(Vervolg van bladsy 22)

soorte, suur- en soetlemoene, okker-
neute, amandels, kwepers, kastanjes,
appelkose, piesangs en druiwe.
Klaarblyklik het ons dus hier met 'n
ekonomies-geordende maatskappy te
doen gehad.

Meer as enige ander Voortrekkers
het genl. Potgieter die waarde van
algemene welvaart hoog geskat. Ná
sy oordeel, kon onafhanklikheid alleen
gehandhaaf word as mens die nodige
geldmiddels daartoe het. In 1850
skryf hy aan genl. Pretorius: „Die
dag van ons volkome vryheid kan
alleen aanbreek nadat ons, deur ons
eie ywer sorg en vreedsame gedrag,
benewens Gods seën, geword het tot
'n volk, aansienlik in getal, eendrag-
tig, dapper, met die swaard van ge-
regtigheid in ons hande, en die
middels in ons kiste om stryd te voer
en te verdedig.”

Miskien kan die moderne Afrikaner,
ook wat betref ekonomiese strewes,
heelwat besieling put uit die geskie-
denis van ons voorsate. Moontlik is
ekonomiese onafhanklikheid dan tog
die basis ook vir politieke vrywor-
ding.

En die Voortrekkers het dit al 'n
eeu gelede geweet!